DIAC Afric

DIEN IN GOD SE MISSIE
SERVING IN GOD'S MISSION

UITNODIGING

ARMOEDE: GELEENTHEID OF VERLEENTHEID VIR 'N MISSIONALE GEMEENTE

Kollegas

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na die konferensie oor missionale diakonaat in die Familie van NG Kerke.

AGTERGROND

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het op sy laaste sinodesitting in 2015 besluit om die belangrikheid van die **missionale gestuurdheid** van die kerk verder te beklemtoon. Dit behoort die fokus van gemeentes ook te wees! Wanneer hierdie gestuurdheid of deelname aan God se sending na die wêreld in die samelewing grondvat, is ons volledig op die terrein van die kerk se missionale diakonaat.

Op dieselfde sinodesitting het die NG Kerk ook vir Hugenote Kollege gevra om navorsing te doen oor **gemeentes se diakonaat** en hoe dit inskakel by die kerklike maatskaplike dienste wat in baie gemeenskappe gelewer word. Die behoefte aan **integrasie** van hierdie verskillende aspekte van die kerk se missionale diakonaat het ook na vore gekom.

Teen hierdie agtergrond het die Taakspan vir Missionale Diakonaat van die NG Kerk besluit om in samewerking met Hugenote Kollege en die KMDR hierdie konferensie aan te bied.

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

KMDR

VISIE

By die eerste DiacAfric konferensie in 2015 is terug gekyk oor ‘n lang en mooi verhaal van die Familie van NG Kerke se diakonaat, en vorentoe gekyk na die uitdagings van ons huidige omgewing.
Met hierdie konferensie wil ons graag die insigte wat ons gekry het na die praktyk alledaagse gemeentewees bring.

UITKOMSTE

In terme van die bogenoemde wil die konferensie die vraagstelling ondersoek of die armoede en ander maatskaplike uitdagings in die Suider Afrikaanse samelewing vir armwordende gemeentes ‘n verleentheid of ‘n geleentheid is. Hoe kan die kerk van Christus as gestuurdes die gemeenskappe waarin ons leef sinvol bedien?

TEMAS

1 Missionale transformasie en diakonaat

Dr Lourens Bosman van die Taakspan vir Missionale Transformasie sal verduidelik wat die missionale gestuurdheid van die Kerk beteken en hoe gemeentes daarheen kan groei.
Dr Willie van der Merwe, rektor van Hugenote Kollege, sal daarna verduidelik wat ons onder missionale diakonaat verstaan en hoe dit by die missionale gestuurdheid van die kerk inpas.
‘n Algemene bespreking sal poog om hierdie insigte te integreer met riglyne vir die praktyk van gemeentelike diakonaat en kerklike maatskaplike dienste.

2 Gemeentepraktyke

Dr Willie van der Merwe verduidelik die navorsingsresultate van Hugenote Kollege oor gemeentes se diakonale dienslewering.
‘n Algemene bespreking sal die tendense en groot lyne in die verslag verder ontleed met die vraag na beste praktyke vir gemeentes.

3 Integrasie van Gemeentelike Diakonaat en Kerklike Maatskaplike Dienste

Mev Nadia von Wiellich verduidelik die navorsingsresultate van hierdie deel van Hugenote Kolleg se navorsing.
‘n Algemene bespreking oor moontlike integrasiemodelle sal poog om gemeentes en kerklike maatskaplike programme aan mekaar te verbind.

KONFERENSIEPROGRAM (Voorlopig)

Dinsdag 31 Mei 2016

09:00 – 10:00 Registrasie en verversings by aankoms
10:00 – 10:15 Verwelkoming - Mev Elize Bezuidenhout
(Voorsitter Taakspan vir Missionale Diakonaat)
10:15 – 10:45 Opening - Ds Nelis Janse van Rensburg
(NGK Moderator)
10:45 – 11:30 *Missionale Transformasie Strategie* - Dr Lourens Bosman
(Taakspan vir Miss Trans)
11:30 – 12:00 Tee
12:00 – 12:45 *Wat verstaan ons onder Missionale Diakonaat* – Dr Willie v d Merwe
(Rektor Hugenote Kollege)

13:00 – 14:00 Ete
14:00 – 15:00 Bespreking: Hoe integreer ons Missionale Diakonaat en Miss Transformasie? (Gespreksleier: Dr Botha van Aarde)
15:00 – 15:30 Tee
15:30 – 16:00 *Gemeentepraktyke (Gemeentelike Diakonaat)*
Navorsing terugvoer oor gemeentes se Diakonaat - Dr Willie v d Merwe Rektor Hugenote Kollege)
16:00 – 17:00 Bespreking: Wat is ons reaksie hierop? (Gepreksleier: Ds Averel Rust)

17:00 Dagafsluiting

18:30 Refleksie: Informele gesprekvoering

Woensdag 1 Junie 2016

09:00 – 09:30 Dagopening
09:30 – 10:00 *Integrasie - Gemeentelike Diakonaat en Kerklike maatskaplike dienslewering.* Mev Nadia von Wiellich (Hugenote Kollege)
10:00 – 11:00 Bespreking: Hoe bevorder ons die integrasie? (Gespreksleier: Dr Willie van der Merwe)
11:00 – 11:30 Tee
12:00 – 13:00 Die pad vorentoe: - Wat doen ons met hierdie bevindings? (Gespreksleier: Dr Botha van Aarde)
13:00 Afsluiting

14:00 **Vergaderings:**
KMDR UK
Taakspan vir Missionale Diakonaat

KONFERENSIEGANGERS

Wie sal baat vind by die konferensie? Predikante, maatskaplike werkers, diakens, lidmate wat ernstig is oor hul roeping as gestuurdes van die Here. Kom help ons nadink oor hierdie groot saak!

KONFERENSIEBESONDERHEDE

Datum: 31 Mei & 1 Junie 2016
Plek: Padre Pio Spirituality Centre, Plot 25, Kort straat, Rietvalleirand. Pretoria (Naby Rietvlei dam)
Tyd: **Registrasie vanaf 09:00 op 31 Mei 09:30**
Koste: Konferensiefooi – R300,00 pp (sluit verversings en middagete in)
Akkommodasie - R330,00 (sluit aandete, bed en ontbyt in)
Totaal: Verblyf en konferensiefooi – R630,00

Voltooi asseblief die registrasievorm en stuur met bewys van betaling **voor 25 Mei 2016** aan kmdr@ngkerk.org.za of rinelh@ngkerk.org.za
Vir enige navrae kontak me Rinel Hugo by 012-342 0092 of 0828225246

Ons sien uit om jou te ontvang.

Botha van Aarde